Waterkruik

JAARGANG 56 NO 2 13 Januarie AD 2019

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: 13 Januarie:

Emeritaatsversorging

Doel: Om die emerituspredikante,
-weduwees en -wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

Sondag: 20 Januarie

GKSA Sustentasiefonds

Doel: Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie, by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

DIENSBEURTE

Vandag Wyke 13 & 14
Ouderlinge: Piet Robbertse en Frans Schutte
Diaken: Deon van der Merwe

Volgende Sondag: Wyke 15 & 16
Ouderlinge: Juan Mienie en Johan Hoogendyk
Diaken: Jacques Tredoux

TEESKINKBEURTE

Vandag is dit die beurt van wyk 10 o.l.v. Anika le Roux om tee en koffie te bedien. Baie dankie.

Sondag 20 Januarie is dit die beurt van wyk 11 o.l.v. Inka Wepener om tee en koffie te bedien.

KATKISASIE OPEN

Die Katkisasie open vanoggend direk na die oggenderediens.
Die ouers van hoërskoolleerders moet asb. saam met hulle kinders in die konsistorie bymekaar kom.

BYBELSTUDIE OPEN

Die Bybelstudies begin weer op Donderdag 17 Januarie 2019.

Program vir die week

Maandag

Katkisasie vir hoërskoolleerders soos gereël.

Donderdag

Bybelstudiegroepe

08:30 Groep 1: In die Konsistorie
09:30 Groep by Nasarethhuis
10:15 Groep 2: In die Konsistorie
18:30 Groep 3 by die Pastorie
19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.
Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here, die Bron van vrede, self altyd en op elke manier vir julle vrede gee."
2 Tessalonisense 3:16

Vandag

Sr. Judy Hamman 082 687 3013
Sr. Else Peters 072 888 3002

Maandag 14 Januarie

Sr.Elzaan de Beer 082 600 3709
Br. Roelf Steenekamp 083 303 9693

Dinsdag 15 Januarie

Sr. Chené Keyser 082 856 4431
Br. Gerhard Truter 079 766 1883

Donderdag 17 Januarie

Sr. Mari van Wyk 074 410 9107

Vrydag 18 Januarie
Sr. Marcelle Trollip 084 608 2624

Saterdag 19 Januarie
Br. Jac van der Walt 083 609 1095

Hartlik geluk aan sr. Judy Hamman wat vandag haar 83ste verjaardag vier. Mag die Here u ryklik seën in die nuwe lewensjaar en mag u elke dag bewus wees van Sy goedheid en genade.

MEELEWING

Sr. Clarisse Venter begin môre met 'n reeks bestralingbehandelings vir borskanker. Ons bid dat die Here die behandeling sal seën. Sterkte. 072 782 6937

Sr. Emmie van der Schyff ontvang weer chemoterapie vir haar kanker. Ons bid die Here se seën toe op die behandeling. 083 443 6200

Hartlik geluk *aan br. en sr. Jaco en Enla Minnaar* wat 'n kleindogtertjie ryker geword het. Mag die Here haar ryklik seën en mag sy julle ook tot seën wees en baie vreugde verskaf. 082 575 6331

Ons vra u voorbidding vir *br. en sr. Jac en Thea van der Walt* wie se seun, Adrian, met pankreatitus gediagnoseer is en hierdie week intensiewe toetse moet ondergaan. Ons bid julle krag en sterkte toe. 083 609 1095

'Here, ons is dankbaar vir elke seisoen in ons lewens – seisoene van groei, sowel as seisoene van hartseer en verlies, want in elke seisoen ontdek ons nuwe dieptes in ons geloof terwyl ons hemelwaarts groei. Amen"

GELUK AAN ONS MATRIKULANTE
Hartlik geluk aan Tjibbe Spoelstra, Carli van der Merwe, Monique van der Merwe, Chrina van Staden, Ockert van Wyk en Kobie van Wyk wat matriek met baie goeie resultate geslaag het. Mag die toekoms vir julle groot vreugde en voorspoed inhou.

ALMANAKKE
Daar is nog Almanakke van die GKSA in die konsistorie beskikbaar.

BEROEPENUUS
Geen

KUIERKAFEE

Die Kuierkafee open weer op Dinsdag 29 Januarie 2019 om 10:00 in die saal.

Almal is hartlik welkom om te kom om saam te gesels oor ons visie vir 2019!!

Dit gaan weer 'n heerlike gesellige kuier wees saam met 'n lekker koppie tee/koffie en iets te ete. **En…. dalk sien ek 'n boek wat ek nog altyd wou gelees het!** Indien iemand vervoer benodig, skakel asseblief vir An Venter (079 679 0002) of vir navrae Rika le Roux (082 675 0979).

Sien julle daar!!!

SUSTERSSAAMTREK

Die susters van die **Gereformeerde Kerke Oos-Moot** en **Die Kandelaar** nooi julle hartlik uit na die saamtrek vir die Pretoria-streek.

DATUM EN TYD: **Saterdag 9 Maart 2019 om 09:00** (registrasie vanaf 08:00)
TEMA: **Om-gee-wingsbewus**
SPREKERS: **Prof. Albert Coetsee** (Teologiese Skool Potchefstroom) & **Annabé Pretorius** (polimeerwetenskaplike en onafhanklike plastiekkonsultant)
PLEK: **NG Kerk Magalieskruin**, Joycelaan 150, Magalieskruin (25.6880° S; 28.2368° E)
KOSTES: **R150 per persoon** (sluit ontbyt en ligte middagete in)
RSVP: **6 Februarie 2019**

Ons ondersteun vanjaar die inisiatief van **Christian Prison Ministries (CPM SA)**. Skenking van basiese toiletware asook onderklere en kouse (*geen luukse items nie*) kan by registrasie in houers geplaas word.

CPM SA is 'n evangeliebedieningskursus wat aan gevangenes gebied word. Met meer as 500 aktiewe studente, en ongeveer 195 vrywillige mentors bring CPM hoop aan baie gevangenes. Vir meer inligting: www.cpministries.org.za

'n **Kollekte** word tydens die saamtrek gehou ten bate van *Die Vroueblad* en die *Instituut vir Christelike Onderwys*.

Daar sal 'n paar **stalletjies** wees wat u kan ondersteun: Bring dus beursies saam.

Susters van ander kerke, familie en vriendinne is baie welkom!
Mammas wat borsvoed is welkom om van die moederskamer gebruik te maak.
Ongelukkig word nie voorsiening gemaak vir ander kinders nie: Slegs jonge dames vanaf 12 jaar.

Bespreek voor 6 Februarie by Elize Breed 012 460 0700 of Nienke van der Walt 083 398 9080

SO KRY JY 'N NUWE LEWE (1) - ROEPING

Aan elkeen kom daar 'n oproep om die kruisdood van Jesus Christus as jou weg tot saligheid te aanvaar. Dit is waaroor **roeping** gaan. Die begin van die heilsorde is die ware roeping wat die Heilige Gees deur die Woord in jou hart laat plaasvind. Hierop kan ons nooit nee sê nie want die roeping kom net tot dié wat die Here daarvoor gekies het. Dan is daar die roeping tot die bekering van sonde. Dit kan jy wel hoor en verwerp soos die Jode in Romeine 10.

"Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie ? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek ? (Rom.10:14)
God het jou deur sy Woord geroep. As jy nie die Woord van God gehoor het nie was dit onmoontlik vir jou om te glo. Roeping tot bekering gebeur ook elke keer as jy die Bybel lees, persoonlike Bybelstudie doen, katkisasie kry en die prediking hoor.

(uit Kruispad 42)

UITNODIGING: EVANGELISASIETOERUSTING SEMINAAR

Evangeliste, ouderlinge en lidmate van ons gemeente word hartlik uitgenooi na 'n toerusting seminaar by die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin.

Die seminaar sal oor twee aande strek, 18:30 – 21:30 met die eerste module wat DV op Dinsdagaand 22 Januarie 2019 sal plaasvind, en die tweede module DV op

Dinsdagaand 29 Januarie 2019. (albei hierdie modules vorm 'n eenheid – dus is dit belangrik om albei by te woon)
Dr Ed Gross gaan die seminaar oor Nuwe Testamentiese dissipelskap en Jesus se strategie vir die maak van nuwe dissipels aanbied .
Laat weet asb. Pretoria Annlin se kerkkantoor voor of op 18 Januarie 2019 as u die seminaar wil bywoon.
E-pos: kerkkantoor@annlin.co.za; Tel: 012 567 1492; Selfoon: 079 162 3453

NOTA:
Hierdie selfde seminaar word ook op Saterdag 19 Januarie 2019 by die Gereformeerde Kerk Mmakau as 'n eendag seminaar aangebied.
Skakel Anlinn kerkkantoor , sodat vervoer gereël kan word na GK Mmakau.

ALLERLEI

BYBELLANDTOER Mei 2019!

Griekeland en Griekse eilande! Saam met ds. Malan van Rhyn. Skakel Nienke by die kerkkantoor 083 398 9080 vir meer besonderhede.

BYBELPLASINGSTOER na Malawi in Junie

Die Jeugdeputate nooi alle hoërskoolleerders en studente van regoor die land uit om saam Malawi toe te gaan. Ons gaan Bybels uitdeel, oor dissipelskap saampraat en groot pret hê! Ons vertrek 23 Junie vanaf GK Pretoria-Alkantrant en sal die 4de Julie terugkeer. Verblyf is in tente by Monkey Bay in Malawi. Die koste is R4000 per persoon. 'n R2000-deposito in Februarie sal jou plek verseker!
Moenie hierdie opwindende geleentheid misloop nie! Besoek www.gkjeug.co.za vir meer inligting, of skakel Reynold Fourie (084 707 6276) of Zak Scholtz (079 885 4206).

OMGEWINGSPITKOS

'n Natuurlike beklemming wat jou beetpak elke keer as jy 'n reënboog sien, is nie snaaks nie want dit spreek van 'n grasie van God in ons regeeramp. Eintlik 'n reëntaal wat spreek met beloftes van hoop vir 'n nuwe lewe. Die 45% trefkrag van amptelike weervoorspellings maak die ken van die natuur se reëntaal heel

tersaaklik. Soos die bloukopkoggelmander se hewige op en af waterpomp na die noorde, die kleine geitjie of padda blikslanertjie wat vroegaand skril 'n verandering in lugdruk aankondig, vroeë ontwaking van slange, menigte veldmuise, watervoëls wat hul neste hoër bou en die ongeduldige geploeter van die skilpadmannetjie terwyl sy wyfie nes grawe. Reën vyf dae na donkermaan of drie dae na volmaan, die vognewel om die maan of 'n sekelmaan wat uitgooi.

Ds Peet van der Walt, nms.Deputate Omgewing van die GKSA

"Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."

Matteus 6:31-33

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
André Els: 082 828 1910

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon deurgeskakel is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.

"Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie." (2 Petrus 1:10)